teurs en nie-amptelik vanselfsprekend ook op die skouers van hul gades. Hulle word geroep om te lei, om as beskermers en bevorderaars van 'n groot aantal organisasies en hul doelstellings op te tree.

Hoewel 'n groot deel van hul werksaamhede buite die mure van hul ampswonings lê, speel hul wonings ook 'n groot rol. Ontvangste moet gereël word, onthale aangebied, hoë besoekers uit verskillende dele van die Republiek en vername buitelandse besoekers aan die verskillende administrateurswonings onthaal word. Hieruit volg dat, hoe ouer die administrateurswonings word, hoe meer hulle en hul bewoners in die middelpunt van belangstelling kom en steeds groter bekendheid verwerf.

Dit sou ons te ver voer om al die belangrike gebeurtenisse wat in die loop van die jare met *Over-Vaal* verbind kan word, te beskryf, of selfs te noem. Daar is 'n oneindige aantal voorbeelde op verskillende terreine, te veel om op te noem.

Vergun ons, om met betrekking tot 'n paar gevalle, uitsonderings te maak. Tydens die ampstydperk van genl. J. J. Pienaar het die Britse koninklike gesin *Over-Vaal* besoek, gedurende die ampstydperk van dr. Wm. Nicol was S.K.H. Prins Bernhard van die Nederlande 'n gas op *Over-Vaal*. Administrateur Odendaal en sy gade het weer op hul beurt die Britse Eerste Minister en sy gade, mnr. Harold en Lady Macmillan, aan *Over-Vaal* ontvang.

Die geskiedenis van 'n ampswoning, in hierdie geval dié van *Over-Vaal*, is soos al die geskiedenisse van ampswonings in ons land en elders 'n boeiende studie. Aangesien die Transvaalse Administrasie besluit het om die besonderhede vroegtydig te boek te laat stel, kon dit 'n vrywel volledige studie word. Daar *Over-Vaal* van resente datum is, dek die geskiedenis 'n tydperk wat betreklik kort is. En tog, wanneer alles in aanmerking geneem word, het *Over-Vaal* deur sy bewoners en besoekers reeds 'n belangrike plek in die samelewing ingeneem. Dit geld nie alleen vir die provinsie Transvaal nie, maar ook vir die Republiek as 'n geheel en vir daardie lande waarmee die agtereenvolgende regerings betrekkings van vriendskap onderhou. *Over-Vaal* het al in ruim mate sy deel bygedra om bestaande vriendskapbande te versterk en sy besoekers met een van die grootste skatte van ons volksbesit laat kennismaak, nl. ons tradisionele gasvryheid.



'n Profiel van administrateur F. H. Odendaal, vervaardig deur Laurika Postma, wat deur die argitekte van die nuwe Provinsiale Gebou (Pretoria) by geleentheid van die hoeksteenlegging aan die Administrateur geskenk is

Die huidige bewoners van *Over-Vaal*, Sy Ed. die Administrateur en mev. F. H. Odendaal in hul eie omgewing afgeneem. (Foto: Dotman Pretorius)